# Siek van Geloof

Die stilte rondom die ou houttafel is oorverdowend. Sophia breek die brood in vier stukke met bewende hande. Sy kan sien hoe skepties hulle na haar kyk. Ten spyte van die koel seebries kan sy die sweet voel afloop teen haar rug.

"Kan ons nie net eet nie?" Haar stem is onvas. "Ons kan nie elke Sabat hieroor praat nie. Ek is moeg daarvoor. Die selfde storie oor en oor. Ek het mos belowe."

Haar pa vermy soos gewoonlik oog kontak. Lafaard. Haar ma trek haar asem in, reg om weg te spring soos 'n steeks donkie. Barak skuif ongemaklik rond op die stoel.

"Ek weet, ek weet." Sophia gaan oorhaastig voort. "Ek het mos belowe ek sal nie more gaan nie. Ek sal wegbly."

Sy kyk amper pleitend na hulle. "Hy sal in elk geval nie kan help nie, julle is reg," probeer sy vroom haarself verraai.

Vir 'n oomblik lyk dit of dit gaan werk. Haar ma sak terug. "Ek is bly jy besef dit, my kind." Sophia peusel aan die brood. "Niemand probeer jou ontmoedig nie. Ons soek net die beste vir jou. Jy weet dit mos..."

"Verdomde kastige profete." Haar pa swaai die heuningkwas om in haar ma se goeie boekies te kom. "Die hele spul. Daai man is net nog 'n vals profeet." Hy neem ingenome 'n diep teug wyn.

Haar ma sny hom af met haar kyk. Hy raak baie besig met sy brood, heuning en olywe. "Jy onthou die laaste keer, jou mislukking. Ons vernedering." Haar ma se kop skud heen en weer soos 'n adder op 'n warm klip. "Almal gaan more daar wees. Die hele dorp. Dis beter om hulle eerder te vermy. Die reëls is tog baie duidelik."

Barak vat onder die tafel aan haar hand. Sy knik gedwee. "Dis reg so. Ek sal by die huis bly. Wat sal dit in elke geval help." Die verslaenheid slaan deur haar stem. Haar skouers sak. Sy vermy haar ma se intense staar.

Die res van die ete verloop tot almal se verligting rustig verby. Barak stuur die gesprek en vertel 'n paar staaltjies oor die vissersbote se doen en late. Haar pa lag te hard. Selfs haar ma lyk of sy dit geniet. Sophia is diep dankbaar. Sy weet hy doen dit om die aandag van haar af te lei. Maar diep binne in haar storm dit verwoed.

Wat het sy gedoen om dit te verdien?

Sy is siek vir die hele spul skynheiliges.

***

Op pad na hul huis is Barak ondersteunend. “Alles sal regkom. Jy sal sien.” Hy klou amper desperaat aan haar hand. Asof hy ook hulp nodig het. Sophia loop stil langs hom. Hulle sandale skop stof op in die klipperige straat.

Gelukkig is die dorp stil in die laatmiddag en hulle kom niemand tee nie. Oudergewoonte draai hulle af na die strand, en sit lank onder die peperboom. Die growwe stam druk ferm in haar rug, maar sy gee nie om nie.

“Jy weet…” sê Barak. Hy huiwer. Hy weet sy wil nie weer sy leë woorde hoor nie. “Jy weet dit pla my nie. Vir my is jy die mooiste vrou in die hele land.” Hy sit sy arm oor haar skouer en trek haar nader.

Sy knik net en kyk stip na die son wat rooi ondergaan oor die stil see. Hy is ‘n goeie man. Maar sy weet hy verdien ook beter. Die laaste paar jaar se spanning is met diep kepe oor sy gesig geskryf. Sy vat vlugtig aan sy wang en probeer moedig glimlag.

In die koel skemeraand loop hulle styf teen mekaar terug na die klein wit huisie.

***

Barak snork liggies langs haar. Sy glimlag onwillekeurig en kyk na sy swart borshare wat soos altyd onbeheers in alle rigtings groei. Hy is nie die mooiste man nie, te rof afgewerk. Soos hulle huisie se mure, ietwat te vinnig en grof gemessel. Maar sy sal hom vir niks verruil nie. Hy is soos ‘n rots.

Maar die gerugte oor die man bly storm in haar kop. Wat hy regkry. Wat hulle sê hy kan doen. Die wonderwerke. Sy weet hy gaan haar ook kan help. As die stories waar is oor hom. Hy gaan anders wees as die ander. Nie net leë beloftes nie. Blykbaar vra hy ook nie geld nie.

Sy weet instinktief hierdie is miskien haar laaste kans. As dit nie werk nie, dan weet sy nie wat om meer te probeer nie. Soos altyd is die twyfel ook daar. Sy probeer dit wegvee. Die Here weet. Dis nou of nooit…niemand kan meer so aanhou nie.

***

Sy was so jonk met die eerste simptome, en erg ontsteld. Sy het in haar kamertjie weggekruip. Haar ma was eers bekommerd, maar het verlig geglimlag toe Sophia stamelend haar probleem verduidelik.

“Dit is normaal,” paai haar ma, “Dit is soos die lewe werk, elkeen gaan daardeur. Jy het nou net groot geword. ‘n Regte vrou. Iets om op trots te wees.”

“Almal! Dit kan nie wees nie. Soos wie?” Sophia was erg opstandig. Haar ma het net gelag en weer vir haar die hele spul verduidelik. Die verduideliking het haar siek laat voel. Sy kon nie wag dat dit moet stop nie. Net nog ‘n paar dae, het haar ma se woorde in haar ore weerklink.

Dit stop egter nie. Drie maande later was hulle na die dorp se geneesheer. Hy het haar ondersoek. Die vernedering om kaal voor hom te staan. Sy het gewens die grond sluk haar in. As sy kon weghardloop sou sy, maar haar ma het die deur onwrikbaar vol gestaan.

Hy het fronsend beaam dit sal oorwaai. Sy nuttelose raad en doepas gegee. Vir haar ma 'n sedepreek afgesteek. Sy het vir die eerste keer besef haar ma is skaam oor haar dogter. Asof sy dit kon help. Maar dit het begin deurskemer dat hulle dink dit is haar fout. Haar sonde waarvoor sy gestraf is.

Met die wegloop, sien sy hom uitkyk na hulle deur die spreekkamer venster. Die rillings het omtrent by haar rug afgeloop.

'n Week later tref dit haar in die dorpstraat se hitte. Almal weet. Almal.

Eers het sy gedink dit is haar verbeelding. Maar dit was onmiskenbaar. Mans loop draaie om haar. Seuns loer onderlangs na haar - as hulle dink sy sien nie. Haar vriendinne vermy haar, dink verskonings uit en knip hul gesprekke kort.

"Hoekom bly jy nie eerder by die huis nie?" vra vet Ragel. So venynig soos altyd. Dit is soos olie op die vuur vir die ander dogters. Hulle raak ongeskik. "Jy ken die reëls. Ons sal almal in die moeilikheid kom!" Jak haar af. "Gaan huis toe! Jy is 'n skande."

Die vernedering van hulle gelag het haar gevolg. Die trane het gerol oor haar wange.

Sy het huis toe gevlug. Na haar ma, na veiligheid en beskerming.

***

"Die reëls van die groot boek is tog baie duidelik." Die priester se stem dreun deur die huis. Sy steek in haar spore vas in die voorportaal. Trane het bruin strepies getrek oor haar stowwerige wange. Sy is uitasem van die hardloop, maar iets laat haar stil staan in die deur. Sy probeer stil luister na die gesprek.

"Maar sy kan nie help nie," pleit haar ma verleë. Sy skrik. Haar ma klink huilerig. "Dit is mos nie haar skuld nie."

"Ongelukkig sal sy volgens die wette moet optree." Hy dawer voort. "Sy sal moet…uhm… sosiale kontak vermy." Die priester klink beswaard. Hy gebruik sy grootmens preekstoel stem. Net soos in die sinagoge. "En sy sal ook 'n hooftooisel en masker moet dra."

Haar ma snik hard. Maar sy kan voel haar ma het die geveg verloor. Oorgegee.

"Mense kan wreed wees," preek die man. "Dis beter as julle reg optree, nie net vir haar nie, maar ook vir julle gesin. En ook vir jou." Dan die laaste uitklophou, "Onthou jou werk op die vroue komitee. Jy wil nie jou posisie in die gemeenskap in die gedrang bring nie. Dit is per slot van sake nie jou sonde wat so gestraf word nie."

Sy skarrel weg as sy die voetstappe hoor aankom.

***

Barak snork een keer hard, en sy stoot hom op sy linkersy. Hy bedaar ietwat en kreun dromerig. Sy glimlag en vryf sag oor sy wilde hare.

“Waaroor dink jy so diep,” het hy haar altyd laat skrik. Oudergewoonte het sy weer op die vensterbank gesit en droom. Haar gunsteling wegkruipplek vir die wêreld. By die venster agter die vyeboom. Die laaste twee jaar hulle geheime ontmoetingsplek en speletjie.

“Ek droom sommer oor die groot weggaan.” Hulle gewone skerts groet. “Na ‘n plek anderkant die see. Ver weg van hier.”

Hy lag saam met haar. Terwyl hulle praat en terg draai hy soos gewoonlik sy kop skuins af en links, om die dowwe oog weg te steek. ‘n Ongeluk op die boot met ‘n vishoek. Iets wat hom ook anders as die ander laat wees.

Sy wonder wanneer sy besef het hy is net so alleen soos sy. En begin hoop het hy sal die moed kry om haar syne te maak. Sy onthou die eerste flikkerings van hoop...van liefde. Sy was eers te bang om lugkastele te bou. Tog het dit na ‘n ruk duidelik geword hy gaan hom nie laat keer nie. Hy wou haar hê, en niemand kon hom stop nie. ‘n Steeks donkie kon lesse neem by hom.

Een of twee keer het hy vol kneusplekke by haar kom kuier. Sy vuiste pers en geswel. Hy wou nie daaroor praat nie, maar sy weet dit was oor haar. Gelukkig was hy groot en sterk, en namate het die dorp hom net geïgnoreer eerder as om beledigings rond te strooi.

Sophia kyk skuldig na sy kaal rug. Selfs in die donker is die letsels van heeldag swaar visnette rondsleep duidelik sigbaar. “Ek is jammer,” prewel sy saggies. “Oor alles, elke keer se geld spaar en eindelose opofferings.”

Sy is pynlik bewus van laas keer se lang saamreis na die stad. Die groot tempel. Die kostes. Haar ma en pa se kritiek voor die tyd. Die kamstige geneesheer en wonderwerke. Alles ‘n klomp nonsens. Sy vee ergerlik die traan van haar wang. Sy weet hy het net so hard soos sy gehoop en gebid. En toe niks…net nog ‘n kwaksalwer.

Veel later draai sy uitgemergel op haar sy. Dis al amper tyd om op te staan. Haar laaste gedagtes is nog hoopvol. Sy weet hierdie man is anders, almal praat daaroor. As hy hier verbykom, dan moet sy hom sien.

Sy weet net nie hoe om dit te laat gebeur nie.

***

Sy sit rustig en skil vye. Dit is ‘n mooi sonskyn dag en die strale bak warm op haar rug deur die oop venster. Barak is vroeg weg met die vissersbote.

Haar ma help ingedagte en maak asof niks anders is nie. Net nog ’n gewone dag. Maar deur die oop venster meng die mense se lawaai met die oggendson. Die man is hier en die samedromming het begin by die dorp se poorte.

Haar ma kyk vinnig op en dan skuldig in haar rigting. “Ek sal maar moet gaan kyk waaroor die hele bohaai gaan.” Sophia is nie verbaas nie. Sy probeer normaal optree en skil nog ’n vy om haar hande besig te hou. Sy besef skuldig sy geniet haar ma se ongemak.

“Priester verwag ons,” skerm haar ma skynheilig. “Ons moet saamstaan in die geloof. Die dorp se mense kan so maklik verlei word. Die komitee gaan almal daar wees. Ons sal optree teen die man as dit moet. Ons duld nie valse profete hier nie.”

Sy staan op, vat aan Sophia se skouer. “Onthou jou belofte. Jy moet eerder wegbly.” Sy kyk vir oulaas na Sophia en loop vinnig voordeur toe. Die geraas trek beskuldigend by die oop deur in. Dan sluit haar ma die deur ferm.  Die klanke verdoof, maar dit is nog steeds hoorbaar.

Sophia wag ŉ paar oomblikke om seker te maak dis veilig. Sy luister aandagtig. Dit is doodstil om die huis, maar van ver daag die rumoer haar uit. Sy draai die serp vinnig om haar gesig, en maak saggies die agterdeur oop.  Sy glip uit en trek die deur agter haar toe.

Met die omdraai loop sy verskrik vas in Barak.  “Wat maak jy hier?” stamel sy. Hy kyk net stil na Sophia – dit voel soos ŉ ewigheid. Haar hart bons rond in haar borskas. Die frons is diep op sy voorkop.

“Ek glo nie meer nie. Maar ek weet jy doen. Ek gaan jou help.”  Hy lig sy hand na haar gesig en trek haar serp stywer om haar gesig.  “Kom ons gaan.”  Hy hou sy hand uitnodigend uit na haar.

Sy staar na hom. Na sy uitgestrekte hand. Met verligting weet sy hy is aan haar kant. Natuurlik is hy. Soos altyd.  Saam glip hulle uit die erf na die systraat.

Barak lei haar deur die agterstrate in die rigting van die dorpsplein. “Ons wag hier.” Hy druk haar terug in ŉ deurkosyn op die hoofstraat en staan beskermend voor haar.  Sy sien sy groot hande bewe liggies.  Sy besef hy het alles vooraf beplan.

“Dankie.” Sophia praat sag en leun vorentoe teen hom.

Hy knik net liggies sy kop. “Hulle moet hier verbykom. Ons kan dan miskien toegang kry om naby hom te kom. Wag vir my teken.”

Gaan dit dalk werk. Sal sy met hom kan praat en sal hy haar wil help?

***

Die geluide word harder soos die samedromming nader kom.  Sy loer oor Barak se skouer. “Die hele dorp is hier.” Sy fluister benoud. Dit het so anders in haar verbeelding afgespeel. As sy hom net alleen kon sien. Kan verduidelik.

“Wag vir die regte oomblik.” Barak is kalm. Soos gewoonlik is hy die praktiese een.

Die hope mense begin verbykom. Barak leun terug en druk haar vas in die deurkosyn. Die bloed suis deur haar ore.  Te midde van die gemaal sien sy die man.  Sy weet dit moet hy wees. Vir ŉ oomblik draai sy kop in haar rigting. Dit voel of hy haar reguit in die oë kyk.

“Nou!” grom Barak. Hy pluk haar vorentoe in die maalstroom. Stelselmatig spook hy nader na die middel van die gewoel. Hulle stamp deur die mense se gemaal. Nader en nader.

“Bly by my.” Barak is uitasem. Sy klou vas aan sy arm met beide arms. Barak stoot nader na die man. Hulle vorder. Sophia voel haar hoop opvlam. Hulle is so naby sy kan sien hoe die man rond gestamp word deur die gedruk van al die mense.

“Wat maak julle hier?” Die priester keer Barak voor. Sy gesig is rooi. Barak probeer aandruk, maar die priester gryp sy arm vas. “Julle hoort nie hier nie.”

“Sophia, jy het belowe!” Haar ma se beskuldiging klink skril van agter die priester.

Barak beur hard en druk hulle terug. Sy sien die inspanning op sy gesig. Sy spiere bult van inspanning. “Nou, Sophia. Gaan!”

Sophia sien die skraal opening. Sy glip nader na die man. Haar voet hak vas. Iemand stamp haar hard in die rug. Sy struikel en val hard neer in die pad. Deur die stof sien Sophia die man se voete reg voor haar. Sy strek haar arm uit en raak aan sy wit kleed. Net vir ‘n oomblik.

Die man stop. “Wie het aan my geraak?” vra hy.

Hy praat sag, maar dringend. Maar ‘n stilte daal oor die skare neer. Almal stop en staar na hom.

“Wie het aan my geraak?” Sy stem strek oor die skare. Hy praat nie hard nie, maar almal kan hom hoor.

“Hier is dan so baie mense, Meester.” Die groot man met die rooi hare langs hom kyk hom vraend aan. “Almal stamp aan ons. Dit is ’n malhuis. Ons moes eerder ‘n donkie gekoop het om op te ry.”

“Nie nou al nie, Petrus. Ons het nog nie ‘n donkie nodig nie. Maar dit is ‘n goeie idee vir later die jaar.”

Die stilte strek. Na die harwar is dit onnatuurlik stil.

“Iemand het aan my geraak, Petrus.” Die man kyk rond. “Wie was dit?”

Sophia kom bewerig op haar voete. Barak is skielik langs haar en help haar om regop te bly.

“Dit was ek, Meneer.” Haar stem klink onnodig hard in die stilte.

Hy kyk deurdringend na haar. Sy oë is diep seeblou. Hy glimlag. Vir haar voel dit of die son opkom en haar verblind. Sy knip haar oë verward ‘n paar keer.

“Jy glo.” Die twee woorde hang in die lug.

Sy knik onnodig haar kop. Dit was nie ‘n vraag nie.

Hy steek sy hand uit en vat lig aan haar skouer.

“Vandag het jou geloof jou gered. Jy is genees. Gaan in vrede.”

Die man knik, draai om en loop verder.

________________